Augustus 2014

Beste Aktivis,

In hierdie turbulente tye kan die globale tema van die 16 Dae Veldtog **"Van Vrede in die Huis tot Vrede in die Wêreld"** nie meer pertinent wees nie. Gedurende die afgelope jaar het ons geslagsgebaseerde geweld gemik teen vroue aanskou op straat, in die huis en in die werksplek soos hulle met hulle daaglikse aktiwiteite voortgaan en hulle regte verdedig; en so duur die stryd voort. Die "Center for Women's Global Leadership (CWGL)" is opgewonde om met jou die 2014 Neem Aksie Pak te deel vir die 16 Dae van Aktivisme teen Geslagsgebaseerde Geweld Veldtog.

Dit bly krities belangrik om die kruispunte van geslagsgebaseerde geweld en militarisme aan te spreek in die lewens van vroue, mans en hele gemeenskappe. As 'n stel idees en waardes, is militarisme deurdringend en het 'n nadelige uitwerking op die veiligheid, sekuriteit en waardigheid van alle mense. Militarisme is gewortel in patriargale oortuigings oor geslag, en beïnvloed hoe ons gesosialiseer word om in stereotipes te glo en daarvolgens op te tree. Militarisme laat plegers van geweld toe om ongestraf voort te gaan, regerings om diskriminerende en ongelyke wetgewing en beleide goed te keur, en gemeenskappe om skadelike kulturele praktyke goed te keur en te bevorder.

Daar is geen beter tyd as tydens die 16 Dae Veldtog om 'n einde aan geslagsgebaseerde geweld te bevorder nie, in alle vorme – van kinderhuwelike tot vrouemoord, van aanvalle op Vroue-menseregteverdedigers tot die skend van vroue se reg tot grond en toegang tot produktiewe hulpbronne.

Sluit aan by aktiviste wat glo dat vroue se menseregte ondeelbaar is deur deel te neem aan hierdie jaar se 16 Dae Veldtog! Die Veldtog fokus op drie areas van prioriteit wat kwessies in verband met geslagsgeweld gesamentlik beïnvloed: 1) Geweld Gepleeg deur Staatspelers; 2) Vermeerdering van Handvuurwapens in Gevalle van Intieme Lewensgenoot Geweld; en 3) Seksuele Geweld Tydens en Na Konflik. Hierdie areas van prioriteit omvat 'n menigte noodsaaklike kwessies. Deur deel te neem aan die 16 Dae Veldtog, kan jy kies om aksie te neem binne jou konteks.

Ongeag die kwessies waarop jy kies om te fokus hierdie jaar, moedig ons jou aan om die Neem Aksie Pak aan te pas sodat dit relevant is vir plaaslike werk. Ons moedig jou aan om maniere te vind om by die internasionale tema in te skakel en om in solidariteit te werk met ander aktiviste regoor die wêreld. Ons hoop die ingeslote Veldtogmateriaal sal behulpsaam wees wanneer jy jou aksies vir hierdie jaar se 16 Dae Veldtog beplan.

Die volgende materiaal is ingesluit in die Neem Aksie Pak:

- **Tema Aankondiging**
- Inligting oor **Geweld Gepleeg deur Staatspelers; Vermeerdering van Handvuurwapens in Gevalle van Intieme Lewensgenoot Geweld**; **Seksuele Geweld Tydens en Na Konflik**; **Geslagsgebaseerde Geweld en Vroue-menseregteverdedigers**; ***Wat is Militarisme?***; en **Geslagsgebaseerde Geweld in die Werkplek**.
- Profiele van die **Post 2015 Vroue Koalisie**, die **Beijing+20 proses**, en inligting oor **die skryf van aansoeke om subsidies, die optrek van 'n persvrystelling,** en **die gebruik van sosiale media,** tesame met 16 Dae Veldtog en "Center for Women's Global Leadership" brosjures wat jy met ander kan deel.

Skakels na al die materiale in die Pak is beskikbaar aanlyn by: http://16dayscwgl.rutgers.edu/2014-campaign/2014-take-action-kit. Deel jou beplande aksies op die Internasionale Veldtog Kalender: http://16dayscwgl.rutgers.edu/campaign-calendar. Deel foto's en sien dit op die 16 Dae Flickr bladsy (http://www.flickr.com/photos/16dayscampaign/), of deel jou videos, bevorderingsmateriaal, koerantartikels, en verslae met ons.

Dankie vir jou deelname aan die 16 Dae Veldtog in die poging om geslagsgebaseerde geweld te stop!

In solidariteit,

Radhika Balakrishnan, PhD
Uitvoerende Direkteur
"Center for Women's Global Leadership"

RUTGERS
School of Arts and Sciences

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu